| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | NOVEMBER 2024 |
| **VAK** | GESKIEDENIS |
| **VRAESTEL** | 2 |
| **PUNTETOTAAL** | 150 |
| **TYDSDUUR (UUR)** | 3 |
| **AANTAL BLADSYE** | 9 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. **Hierdie vraestel bestaan uit ’n AFDELING A en ’n AFDELING B soos voorgeskryf deur die inhoudsraamwerk in die KABV-dokument.**

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: BURGERLIKE WEERSTAND, 1970’s TOT 1980’s: SUID-AFRIKA – DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980’s
   VRAAG 2: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE
   VRAAG 3: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN DIE NUWE WÊRELDORDE, 1989 TOT DIE HEDE

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: BURGELIKE VERSET, 1970’s TOT 1980’s: SUID-AFRIKA
   VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE
   VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN ’N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

2. ***AFDELING A*** bestaan uit ***DRIE*** brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord kan in die ADDENDUM gevind word.

3. ***AFDELING B*** bestaan uit ***DRIE*** opstelvrae.

4. Beantwoord ***DRIE*** *vrae* soos volg:

   4.1. Ten minste ***EEN*** moet ’n brongebaseerde vraag wees en ten minste ***EEN*** moet ’n opstelvraag wees.

   4.2. Die **DERDE** vraag kan ’n brongebaseerde vraag óf ’n opstelvraag wees.

5. Die toepassing van kennis, vaardighede en insig word ook in die beantwoording van die vrae getoets.

6. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van bronne as antwoorde.

7. Nommer die antwoorde korrek in ooreenstemming met die numering wat in die vraestel gebruik is.

8. Skryf netjies en leesbaar, slegs met ’n ***BLOU*** pen.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

*Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae uit hierdie afdeling nie. Bronmateriaal wat benodig word vir die beantwoording van die vrae is ingesluit in die ADDENDUM.*

### VRAAG 1: HOE HET SWART SUID-AFRIKANERS REAGEER OP PW BOTHA SE HERVORMINGS IN DIE 1980's?

Bestudeer Bronne 1A, 1B, 1C en 1D om die vrae wat volg te beantwoord.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Haal 'n sin uit die bron aan wat daarna verwys dat polisiebrutaliteit nie die UDF gestop het om teen die apartheidregering in opstand te kom nie. (1x1) (1)

1.1.2 Wat was die *mense se oorlog* waarna in die bron verwys word ? (1x2) (2)

1.1.3 Volgens die bron, noem enige TWEE tipes proteste wat gebruik is teen Botha? (2x1) (2)

1.1.4 Verduidelik die term *aktivis*, in jou eie woorde. (1x2) (2)

1.1.5 Volgens die bron, wat het die UDF verswak in die laat 1980's? Noem TWEE maniere. (2x1) (2)

1.1.6 Noem enige TWEE politieke veranderinge wat in werking gestel is toe die regering die Noodtoestand afgekondig het. (2x2) (4)

**[13]**

1.2 Lees Bron 1B.

1.2.1 Haal 'n sin uit die bron aan, wat wys dat swart mense geen politieke regte in die 1980s gehad het nie. (1x1) (1)

1.2.2 Verduidelik die konsep *stedelike swartes* in die konteks van die apartheidsbeleide. (1x2) (2)

1.2.3 Hoekom is die swart Suid-Afrikaners se politieke regte ontken? Gebruik die bron en jou eie kennis. (2x2) (4)

1.2.4 Volgens die bron, van watter politieke party was Goldberg 'n lid? (1x1) (1)

1.2.5 Lewer kommentaar oor die betroubaarheid van hierdie bron vir 'n historikus wat navorsing doen oor die reaksie van swart Suid-Afrikaners op Botha se hervormings in die 1980's. (2x2) (4)

**[12]**

1.3 Bestudeer Bron 1C.

1.3.1 Volgens die bron, hoekom het die stedelike swart jeug in opstand gekom in 1984? (1x1) (1)

1.3.2 Wie is die "*kommunistiese liberales"* waarna Botha verwys? (1x2) (2)

1.3.3 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik wat president Botha bedoel met "oorsteek van die Rubikon". (1x2) (2)

1.3.4 Hoekom, volgens jou kennis, verwys Bron 1C na Botha as 'n outokratiese leier? (1x2) (2)

1.3.5 Noem enige TWEE gevolge, wat die mislukking van Botha se toespraak om hervormings in 1985 in te stel, op Suid-Afrika gehad het. (2x1) (2)

**[9]**

1.4 Gebruik Bron 1D.

1.4.1 Noem TWEE van die eise waarop die betogers volgens die bron aandring. (2x1) (2)

1.4.2 Lys volgens die bron, twee organisasies wat teen "die einde van minderheidsregering" betoog het. (2x1) (2)

1.4.3 Vergelyk Bron 1C en Bron 1D. Verduidelik hoe Bron 1C Bron 1D ondersteun rakende die vestiging van demokratiese beginsels in Suid-Afrika. (2x2) (4)

**[8]**

1.5 Gebruik sowel die inligting in die relevante bronne as jou eie kennis om 'n paragraaf van tussen tien en vyftien reëls te skryf, waarin jy verduidelik hoe swart Suid-Afrikaners reageer het op Botha se hervormings in die 1980's. **[8]**

**TOTAAL VRAAG 1: [50]**

**VRAAG 2: HET DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE DOOD VAN CHRIS HANI SUKSESVOL HANTEER?**

Bestudeer Bronne 2A, 2B, 2C en 2D om die vrae wat volg te beantwoord.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Haal EEN sin uit die bron aan, wat bewys dat Chris Hani se moordenaars amnestie geweier is. (1x1) (1)

2.1.2 Verduidelik die begrip *amnestie* in jou eie woorde. (1x2) (2)

2.1.3 Noem die TWEE mans wat vir Chris Hani se moord aangekla is. (2x1) (2)

2.1.4 Volgens die bron, hoekom het die WVK amnestie vir die mans geweier? (2x1) (2)

2.1.5 Verduidelik die betroubaarheid van hierdie bron vir ʼn historikus wat die sluipmoord op Chris Hani navors. (1x2) (2)

**[9]**

2.2 Bestudeer Bron 2B.

2.2.1 Watter redes het Derby-Lewis aangevoer, waarom hy nie om verskoning wou vra vir die moord op Hani nie? (2x2) (4)

2.2.2 Hoekom het Georg Bizos vir Derby-Lewis gevra of hy om verskoning gevra het vir die moord op Hani of nie? (2x2) (4)

2.2.3 Waarom dink jy het Derby-Lewis die moord op Hani gesien as ʼn oorlogsdaad? (1x2) (2)

**[10]**

© SACAI KOPIEREG

2.3 Gebruik Bron 2C.

2.3.1 Verduidelik die begrip *regse ekstremiste* in die konteks van die moord op Chris Hani. (1x2) (2)

2.3.2 Gee jou mening oor die impak van die volgende woorde " ... gedreig om die versigtig onderhandelde oorgang van wit oppergesag te ontspoor". (1x2) (2)

2.3.3 Identifiseer TWEE kriteria vir amnestie, volgens die bron, wat Derby-Lewis en Janusz Walus gediskwalifiseer het. (2x1) (2)

2.3.4 Wie was hewig gekant teen die toestaan van amnestie vir Derby-Lewis en Janusz Walus? (3x1) (3)

2.3.5 Volgens die bron, watter redes is deur elk van hierdie persone gegee vir die moord op Chris Hani?

a) Derby-Lewis (1x1) (1)
b) Janusz Walus (1x1) (1)

**[11]**

2.4 Gebruik die inligting in Bron 2B en 2C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2B die bewyse in Bron 2C ondersteun met verwysing na die moord van Chris Hani. (1x2) (2)

**[2]**

2.5 Bestudeer Bron 2D.

2.5.1 Waarom dink jy was Chris Hani ʼn teiken vir wit ekstremiste in die 1990's in Suid-Afrika? (2x2) (4)

2.5.2 Watter TWEE boodskappe word deur hierdie bron oorgedra? (2x1) (2)

2.5.3 Gee jou mening oor die beperkinge van hierdie bron vir ʼn historikus wat die sluipmoord op Chris Hani navors. (2x2) (4)

**[10]**

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne sowel as jou eie kennis om ʼn paragraaf van tussen tien en vyftien reëls te skryf, waarin jy verduidelik hoe suksesvol die WVK was in die hantering van die sluipmoord op Chris Hani. **[8]**

**TOTAAL VRAAG 2: [50]**

**VRAAG 3: WATTER IMPAK HET DIE 2023 BRICS-BERAAD OP BEIDE DIE OU EN NUWE LEDE VAN BRICS GEHAD?**

Bestudeer Bronne 3A, 3B, 3C en 3D om die vrae wat volg te beantwoord.

3.1 Gebruik Bron 3A.

3.1.1 Volgens die bron, waar in Suid-Afrika is die BRICS se 2023-beraad gehou? (1x1) (1)

3.1.2 Wie het Suid-Afrika en Rusland verteenwoordig by die beraad? (2x1) (2)

3.1.3 Verduidelik die begrip *beraad* in die konteks van die BRICS-vergadering in Suid-Afrika. (1x2) (2)

3.1.4 Volgens Bron 3A, watter DRIE ander wêreldleiers was genooi om deel van die beraad te wees? (3x1) (3)

3.1.5 Haal uit die bron aan, waarom die Russiese president nie die beraad in persoon kon bywoon nie. (1x1) (1)

3.1.6 Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie bron vir ’n historikus wat die 2023 BRICS-beraad navors. (2x2) (4)

**[13]**

3.2 Verwys na Bron 3B.

3.2.1 Verwys na die bron en identifiseer VIER doelstellings van die BRICS-beraad. (4x1) (4)

3.2.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoekom die BRICS-lede ywerig is om nie meer so afhanklik van die VSA-dollar te wees nie. (2x2) (4)

3.2.3 Verwys na die bron en gebruik jou eie kennis, en gee jou mening oor hoekom jy dink dat Indië en die Verenigde Arabiese Emirate (VAE) die grootste handelsvennote van die VSA is. (2x2) (4)

**[11]**

3.3 Lees Bron 3C.

3.3.1 Volgens die bron, watter Asiatiese land is 'n lid van BRICS? (1x1) (1)

3.3.2 Verduidelik die belangrikste boodskap van hierdie spotprent oor die BRICS-beraad van 2023. (2x2) (4)

3.3.3 Gebruik die visuele leidrade in die spotprent en jou eie kennis om te verduidelik watter voordele daar vir Suid-Afrika is om deel van BRICS te wees en die gasheer te wees vir die 2023-beraad. (2x2) (4)

**[9]**

3.4 Gebruik Bron 3D.

3.4.1 Wat, volgens die bron, is die TWEE tekortkominge van BRICS in vergelyking met die G7-lande? (2x1) (2)

3.4.2 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe die uitbreiding van BRICS China en die ander BRICS-lede sal bevoordeel. (1x2) (2)

**[4]**

3.5 Verwys na die inligting in Bron 3B en 3C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 3C ondersteun word deur die inligting in Bron 3B rakende die uitbreiding van BRICS. (2x2) (4)

**[8]**

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne sowel as jou eie kennis om 'n paragraaf van tussen tien en vyftien reëls te skryf, waarin jy verduidelik watter impak die 2023 BRICS-beraad op beide ou en nuwe lede van BRICS gehad het. **[8]**

**TOTAAL VRAAG 3: [50]**

## AFDELING B: OPSTELLE

*Antwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE uit hierdie afdeling nie. Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.*

### VRAAG 4: BURGERLIKE WEERSTAND IN SUID-AFRIKA IN DIE 1970's EN 1980's.

Steve Biko het die filosofie van die Swart Bewussynsbeweging gebruik om swart Suid-Afrikaners te mobiliseer om die apartheidregering in 1960's and 1970's uit te daag.

Stem jy saam met hierdie stelling? Staaf jou argument met relevante feite. **[50]**

### VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

Verduidelik tot watter mate die politieke leierskap van sleutelrol Suid-Afrikaanse rolspelers die pad gebaan het vir ʼn nie-rassige demokratiese Suid-Afrika in 1994.

Ondersteun jou argument met relevante bewyse. **[50]**

### VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN DIE NUWE WêRELDORDE

Hervormings wat in die laat 1980's ingestel is deur Michael Gorbachev in die Sowjet-unie het gelei tot die ineenstorting van kommunisme in 1991 en die ondergang van apartheid in Suid-Afrika.

Gee ʼn kritiese bespreking van hierdie stelling. Ondersteun jou argument met relevante bewyse. **[50]**

## GROOTTOTAAL: [150]

© SACAI KOPIEREG